

# Charmé se huiswerk deeglik gedoen

Charmé Bosman



Sarel van der Walt

Die 42-jarige Charmé Bosman, wat twee jaar gelede die vorige af-Comrades tussen Pietermaritzburg en Durban op drama-tiese wyse gewen het, se daar is vanjaar minder druk op haar as

verlede jaar. Die Comrades word Sondag oor 'n afstand van 90,2 km tussen die twee stede gehardloop.

“Daar is baie minder druk as verlede jaar. Ek sien uit na die wedloop en gaan hardloop om dit te geniet,” se Bosman.

Sy het twee jaar gelede eerste oor die eindstreep in Durban gehardloop nadat Caroline Wöstmann, die vorige jaar se

wenner, se petrol 'n paar kilometer voor die eindstreep in die middestad van Durban opgeraak het.

Die 28-jarige Gerda Steyn, Bosman se Nedbank-spanmaat, is die groot gunsteling nadat sy oor die Paasaweek die Twee Oseane-wedloop oor 56 km in die Kaap op indrukwekkende wyse gewen het.

Steyn en Bosman het 'n ruk saam in Graskop in Mpumalanga hoog bo seevlak geoefen vir Sondag se wedloop.

“Dit het baie goed gegaan met my voorbereiding en ek het vanjaar baie meer kragoefeninge as in die verlede gedoen,” se

Bosman. Sy was derde in die Twee Oseane en het die Loskop-wedloop (50 km) in Mpumalanga gewen.

“Ek sal my eie wedloop hardloop. Die keer het ek 'n plan uitgewerk, wat bepaal hoe laat ek waar moet wees en waar en wanneer ek wat moet eet en